# RSA-MIL-HDBK-45

*AMMUNISIEWOORDELYS / AMMUNITION GLOSSARY*

## 1. VOORWOORD

'n Vyftal jare gelede is daar 'n groepie gevorm uit lede van die SAW en lede van Krygkor wat bekommerd was oor die verskillende benamings en terme wat vir begrippe en dinge in die ammunisiebedryf gebruik is. Die verskillende benamings het eintlik 'n ernstige verwarring geskep wat indertyd ook in die ou Springstofwoordeboek (1 970) weerspieel is. Hierdie basiese terminologielys is 'n poging tot eenvormigheid op die gebied van ammunisieterme en hoewel die lysie nog voorlopig en hoegenaamd nie as finale woordeboek beskou kan word nie, word daar nogtans gehoop dat dit 'n bydrae sal lewer tot beter begrip in di6 veld.

## 2. DOEL

Die doel met hierdie woordelys is om eenvormigheid op die gebied van ammunisieterme te bewerkstellig.